

VOLTREK DIE
VONNIS SELF
deur Gerrie
Radlof
PRONKBOEKE
Swerwer-Speurder · No 10 ·

*Hoofstuk* **INHOUD** *Bladsy*


| | | |
|---|---|---|
| I | Dood op Straat ... ... ... ... | 7 |
| II | Dubbelspel ... ... ... ... ... | 23 |
| III | Die Rottenes ... ... ... ... ... | 38 |
| IV | Gevaar van Agter ... ... ... ... | 45 |
| V | Sterf in die Bos ... ... ... ... | 54 |
| VI | Die Enigste Sleutel ... ... ... ... | 66 |
| VII | Geen Genade ... ... ... ... ... | 80 |
| VIII | Vinnige Ommekeer ... ... ... ... | 89 |
| IX | Die Nekslag ... ... ... ... ... | 101 |

# Hoofstuk I

## DOOD OP STRAAT

DIT gebeur blitsvinnig. Net vir 'n oomblik het die konstabel sy kop gebuig en met die voorvinger van sy linkerhand langs sy neus gevryf. In sy regterhand hou hy die swaar polisierewolwer vas waar dit op sy regterknie rus.

Hy is van geen beweging bewus voordat twee sterk hande om sy nek vasknel en die boeie wat die gewrigte aanmekaar koppel, sy gorrel inwurg nie. Op dieselfde oomblik tref 'n harde slag hom op die gewrig van sy regterhand en hy voel hoe die rewolwer uit sy greep geruk word. Hy wil skreeu maar geen geluid kom uit nie. Sy tong voel groot en lomp in sy mond. Dit word dof voor sy oë en hy sak bewusteloos inmekaar.

Die polisiewa swaai 'n keer oor die straat. Die bestuurder hou sy oë in die spieëltjie gevestig. Die offisier langs hom het omgeswaai toe hy die dowwe stem hier agter hulle hoor. Hy sien die loop van die rewolwer wat uit die bak deur die draadwerk op hulle gerig is.

„Draai met daardie systraat in," kom die bevel kortaf.

Die bestuurder kyk vlugtig en onopsigtelik na sy offisier. Dan trap hy die versneller meteens dieper in en hou reguit met die hoofstraat langs.

Die skoot knal. Die bestuurder val vooroor op die stuurwiel. Sy voet glip van die versneller af en reeds skuur die wiele van die polisiewa teen die sypaadjie.

'n Tweede rewolwerskoot wat oor die kort afstand op die polisie-offisier afgevuur word, is onhoorbaar bo die slag van die botsing. Die polisiewa stamp van 'n geparkeerde motor af weg, tref 'n lampaal met die linkervoormodderskerm, slaan op sy sy om en skuiwe tot stilstand teen die muur van 'n gebou.

Agterin klou die vier gevangenes so al wat hulle kan aan die raamwerk vas. Skaars lê die voertuig stil of die een met die rewolwer gebied skerp : „Marks, soek daardie vent deur vir die sleutels van die boeie!"

„Ek het dit!" roep Marks hees.

Soos een man spring hulle op die sypaadjie deur die agterdeur van die vangwa wat deur die skok van die botsing oopgevlieg het. Die straat is druk van die verkeer. Met skreeuende remme kom motor na motor tot stilstand. Van alle kante hardloop nuuskieriges op die toneel af. Dit is nog redelik vroeg in die aand.

Die vier ontsnappelinge sny teen die halfdonker muur langs waar die straatligte nie heeltemal onder 'n balkon inskyn nie. In die warboel wat om hulle ontstaan, wil dit voorkom asof niemand hul ontsnapping opmerk nie. Hulle glip om die hoek in die eerste systraat op. Die een met die rewolwer kyk vlugtig terug. Die skare drom om die polisiewa saam. Niemand kyk in hierdie rigting nie.

„Sluit die boeie oop, Marks," versoek hy dringend. „Ons sal makliker daarsonder beweeg."

Hulle dra die boeie 'n ent saam en gooi dit dan in 'n donker agterplaas. Sonder om deur hul pas aandag op hulle te vestig, stap hulle vinnig met die straat op en weer links in die eerste dwarsstraat.

„Ons sal 'n motor in die hande moet kry, Kenshoff," sê Marks na 'n rukkie. „Te voet sal ons nie te ver vorder nie."

„Dit is nie nodig om 'n mens aan sulke dinge te herinner nie, Marks," snou Kenshoff hom toe. Hy is frisser gebou as die ander drie en dra in elk geval die rewolwer—nou in sy baadjiesak. „Ons moet net eers 'n entjie verder van die ongeluk af wegkom."

Hulle praat nie veel nie. Al vier is in gewone kleredrag. Hulle stap vinnig. Nadat hulle om die vyfde hoek gegaan en langs 'n systraat afstap, bevind hulle hulle in 'n redelike welaf woonbuurt. Marks is weer die eerste om 'n huis aan te dui.



„Dit staan taamlik ver van die straat af, Kenshoff," spreek hy sy mening uit. „Daar is 'n motorhuis langsaan, en daar brand lig in een van die vensters."

Hulle gaan openlik by die tuinhek in. Toe Kenshoff op die stoep aanklop, staan die ander drie eenkant teen die muur.

'n Bejaarde man maak die deur oop. 'n Lig skyn uit die gang vol op Kenshoff.

„Goeienaand," groet Kenshoff vriendelik onderwyl hy effens vorentoe tree om te voorkom dat die man dalk op die stoep uitkyk. Hy vervolg vlot op Engels. „Ek het 'n bietjie teenspoed gehad. 'n Pap wiel hier onder in die straat. Ek het gewonder of u my dalk kan help met 'n domkrag."

„'n Domkrag?" Die man lyk teleurgesteld. Hy skud sy kop. „Ongelukkig is my seun met die motor uit. Die domkrag is natuurlik daarin. Ek is regtig jammer."

„Dit is in orde," verseker Kenshoff hom. „Ek sal verderaan verneem. Baie dankie."

„My buurman—," begin die bejaarde man onderwyl hy by die deur uittree. Hy hou op met praat toe hy die ander drie daar op die stoep sien.

„Dit is my vriende," verduidelik Kenshoff vinnig. „Ons was juis op pad bioskoop toe—toe ons die pap wiel gekry het."

Die man antwoord nie. Daar is 'n duidelike uitdrukking van agterdog en ook van vrees in sy oë. Terselfdertyd hoor hulle daar van die hoofstraat se kant af die geskreeu van bande soos 'n voertuig om 'n hoek jaag —en die hoë geskril van 'n polisiesirene.

Marks roep verskrik uit. Hierdie geluide maak hom senuweeagtig. Hy kyk na Kenshoff.

Die bejaarde man tree haastig terug deur se kant toe. Dit is asof hy op die gesigte van die vier mans kan lees dat hul teenwoordigheid hier in verband staan met daardie skril klank.

Met een beweging spring Kenshoff om en pluk die rewolwer uit sy baadjiesak. Die man wat 'n paar oomblikke tevore bereid was om hulle behulpsaam te wees, probeer die deur haal maar voordat hy dit kan doen en voordat hy 'n uitroep kan uitkry, tref die kolf van die rewolwer hom teen die kant van sy kop.

„Sleep hom in," sis Kenshoff gedemp. „Help vir Dietri, Sark." Hy staan self by die deur. Sodra hulle die bewustelose liggaam geluidloos in die gang neergelê het en weer uitgekom het, trek Kenshoff die deur versigtig toe. „Ons sal nou van die strate af moet wegbly," fluister hy hees. „Kom, ons gaan hier agter om die huis."

Dit is 'n groot erf. Daar is struike, bome en 'n paar bewerkte beddings. In die dowwe skemering wat selfs hier deur die straatligte veroorsaak word, hardloop hulle vinnig na die agtermuur toe. Kenshoff trek homself aaan sy arms op, loer oor. Hy swaai sy bene op en spring aan die ander kant af.

Hy wag tot die ander by hom aangesluit het. Voor hulle is 'n erf van ongeveer dieselfde grootte as die een waardeur hulle pas gekom het. Ook hier is heelwat vrugtebome wat skuiling bied. Hulle kan die ligte van 'n huis 'n ent voor hulle sien.

Op die rand van die agterplaas luister hulle aandagtig. By die buitegeboue en waar hulle oordeel waar die kombuis behoort te wees, is daar nie lig of beweging nie. Aan die linkerkant kan hulle egter 'n streep lig oor die grasperk sien val.

Marks is heel aan die regterkant. Hy tree meteens effens van hulle af weg en kom dan vinnig terug.

„Daar staan twee motors op die inrypad," fluister hy. „Albei is luukse-moderne modelle."

„Gaan kyk of die sleutels daarin is," gebied Kenshoff kortaf. „Sorg dat jy nie gesien word nie. Bly jy hier, Sark. Dietri en ek sal om die huis stap om te verken. Hierdie keer moet ons sorg dat ons 'n motor in die hande kry. Dit is duidelik dat die polisie reeds aan die soek is. Hierdie ganse buurt sal binnekort gefynkam word."



Hy beweeg na die linkerkant toe. Hy bereik die hoek van die huis en glip om. 'n Entjie voor hom is die venster waaruit die lig skyn. Al teen die muur langs gaan hy versigtig nader.

Die gordyn is voor die venster weggetrek. Aan die eenkant is dit nie heeltemal opsygeskuif nie en daar is 'n skrefie oop langs die kosyn sodat hy kan deurloer sonder dat sy gesig van binne af gesien kan word.

Dit is 'n klein vertrek—asof 'n deel van die stoep hier toegebou is. Dit lyk amper soos 'n miniatuurkroeg waarin daar drie jong mans is. Kenshoff vloek binnemonds. Dit wil voorkom asof hierdie vertrek aan 'n sitkamer grens en daar kan ook mense wees. Hy sal 'n rukkie wag om vas te stel hoeveel daar is. Is daar nie meer mans in die huis nie, sal hulle dit dan maar moet waag om die sleutels van een van die motors by hulle te kry indien Marks dit nie vind nie. Hul tyd is te beperk om nou nog 'n motor op 'n ander plek te gaan soek. Dit sal hul kanse om te ontsnap net verminder. Ongelukkig weet geeneen van hulle veel van 'n motor af nie, anders kon hulle dalk deur middel van 'n kortsluiting in die drade die masjien aan die gang gekry het.

Hy beweeg sy kop heen-en-weer voor die skrefie. So ver hy kan sien, is daar wel net die drie mans in hierdie vertrek. Die een staan agter die klein toonbankie. Hy is besig om drankies in drie kelkies te skink. Deur die oop venster kan Kenshoff hul stemme hoor.

„Wat doen jy, Albert!" roep een voor die toonbank uit. Sy swart hare is kort geknip en daar is 'n fonkeling in sy bruin oë. Die sportbaadjie trek styf oor sy breë skouers toe hy sy hand oplig om die ander te keer. „Wie s'n is dit hierdie?"

„Tessa s'n natuurlik," antwoord Dokter Albert Uys. Daar is verbasing en gemaakte verontwaardiging in die uitdrukking op sy effense spits gesig toe hy opkyk. „Sy wil mos jenewer hê, nie waar nie?"

„Sy wil ja, maar net 'n druppel—sy het uitdruklik gesê ‚net 'n druppel'."

„En hoeveel is hierdie dan miskien?"

„Waag jy dit tog nie om in 'n argument met Obed te ontwikkel nie, Albert," val die derde man hulle in die rede. Hy is groter van bou as die ander twee maar die glimlag op sy breë oop gelaat pas aan by hul stemming. „As hý sê dis nie 'n druppel nie kan dit tog sekerlik nie 'n druppel wees nie!"

Obed lag en stamp Maans du Preez in die sy sodat hy amper van die hoë stoeltjie voor die klein toonbank aftuimel.

„Dit is nie dat ek die afmetings van 'n druppel so goed ken nie," werp hy teë. „Dis maar net dat ek Tessa beter as julle twee ken! Maar in alle geval," sê hy ernstig, „jy weet dat sy nie eintlik sterk drank drink nie en selfs daardie bietjie is al te veel!"

„Dit kan niks aan haar doen nie, man," verseker die jong geneesheer hom. „Dit is in elk geval haar eerste. Die aand is nog jonk." Hy vul die kelkie met limonade en toe stoot hy die drie glasies oor die toonbankie. „Sal jy dit vir hulle inneem, Obed, solank ek vir ons iets inskink? Wat vir jou?"

„'n Bietjie bier, man, dankie."

Obed de Swardt dra die drankies deur na die sitkamer toe. Dit is 'n groot gerieflike vertrek wat grens aan die uitgeboude hoekie waar dr. Albert Uys 'n muurkassie met 'n toonbankie daarvoor ingerig het. Voor die toonbankie staan 'n paar hoë stoele en teen die mure hang foto's—van Albert met 'n geweer langs 'n dooie leeu; Maans du Preez aan die slaap op die rivierwal met 'n visstok tussen sy voete; Obed de Swardt waar hy met die bal in sy uitgestrekte arms oor die doellyn duik, en ander. Regoor die deur is 'n kennisgewing opgeplak:

„Ramhok—dames streng verbode."

„Nektar uit die verbode terrein," kondig Obed geestig aan onderwyl hy voor die eerste van die drie dames in die sitkamer buig en die skinkbord met kelkies na hulle toe uitreik. „Dis joue, hier aan die regterkant, Tessa."



„Hoeveel jenewer is daarin, Obed?" verneem Tessa van Wyk angstig terwyl sy die kelkie optel.

„'n Druppel," verseker hy haar. „Albert is gewoond daaraan om druppels voor te skryf."

Die dames lag. Sodra Obed die ander drankies ook oorhandig het, draai hy om en gaan terug na die ramhok. Agter hom leun die meisie in die middel nader na Tessa van Wyk.

„Het julle gesê dat dit Obed de Swardt is?" verneem sy sag.

„Ja," antwoord Tessa effens verbaas. „Hoekom?"

„Nee, ek vra maar net. Toe julle my bekend gestel het, het ek nie te aandagtig na die name geluister nie. Ek . . ."

„Ja," val die meisie aan haar anderkant in „'n mens maak dikwels die fout wanneer 'n paar bekendes mekaar ontmoet om sommer aan te neem dat almal in die geselskap mekaar ewe goed ken. Ek het al amper weer vergeet dat ons jou vanaand vir die eerste keer ontmoet het. Jy moet ons maar verskoon. Maans, Albert en Obed is sulke ou vriende en Tessa en ek is ook maar altyd in die gedrang—maar laat ek ons dan maar gou bekendstel: ek is natuurlik Talita, Maans se vrou . . ."

Rita van Heerden lag. Sy hou haar hand op.

„Ek is darem nie heeltemal so onnosel nie," roep sy saggies uit. „Dit het my net skielik getref dat ek Obed de Swardt se naam al verskeie kere vantevore gehoor het. Nou net het ek my verbeel dat ek hom herken asof ek sy foto al dikwels gesien het."

„Vra maar vir Tessa," sê Talita du Preez. „Sy behoort jou alles omtrent Obed te kan vertel—hoe lank gaan julle nou al saam uit, Tessa?"

„Jy is laf, Talita," werp Tessa terug en sy bloos effens. „Jy weet hoekom Obed en ek nog nie getrou het nie: dit is sy manier van lewe— sy werk . . ."

„Ek het dit tog nie ernstig bedoel nie, Tessa," verseker Talita haar opreg. „Ek weet self. Was dit nie vir Obed

nie, sou ek Maans nooit ontmoet het nie. Dit is hy wat ons aan mekaar bekendgestel het."

„Maar instede daarvan dat julle sake vir my opklaar," val Rita hulle in die rede, „maak julle my nou net nuuskieriger."

„Ons is onbeleefd," sê Talita. „Obed is bekend as die Swerwer-speurder."

„Natuurlik!" roep Rita uit. Toe aarsel sy onderwyl sy na die ramhok se kant toe kyk waar die luide gelag van die drie mans gehoor word. „Maar—ek het my . . ."

„Jy het hom anders voorgestel?" vra Talita dadelik.

„Nee, dit is nie dit nie." Sy soek na woorde. „Dit is net—dit is asof ek Albert ook vanaand vir die eerste keer werklik ontmoet. Hy het my altyd so ernstig en besadig voorgekom . . . nie dat ek hom te lank ken nie. Ons het nog maar 'n paar keer saam uitgegaan."

„Dan sal jy daaraan gewoond moet raak, Rita," doen Talita aan die hand. „As daardie drie eers bymekaar is, is hulle erger as 'n klomp uitgelate skoolkinders. En tog—Tessa en ek het al dikwels daaroor gepraat—is dit amper wat 'n mens moet verwag. Aldrie is ernstig in hul werk, en hulle werk hard. Nou ontspan hulle en hulle doen dìt ook deeglik. Hulle ontspan heeltemal! Hulle word laf sodat ons dikwels skaars met hulle kan huishou. Maar as jy hulle eers ken, Rita, sal jy agterkom dat ek geen afbreuk doen aan hulle karakter of inbors deur dit te sê nie."

„Jy behoort tog al te weet dat Albert, ten spyte van sy jeugdigheid, reeds een van die bekendste praktisyns in Johannesburg is. Maans dien op verskeie komitees en rade in die hotel- en drankbedryf. Obed, wel Obed het 'n bende wat vir die dood van sy suster verantwoordelik was feitlik eiehandig aan die gereg uitgelewer en hy het my aan Maans bekendgestel—maar vertel jy liewer Tessa. Gee vir Rita 'n opsomming van Obed."

Tessa van Wyk bloos weer liggies. Haar groot sagte bruin oë brand meteens van 'n gloed wat aan haar hele gelaat 'n verhewendheid gee. Dit is asof die gedagte aan



hierdie man wat sy liefhet haar skoonheid aanvul. Toe sy praat is haar stem sag en musikaal soos iemand wat in 'n droom verkeer.

„Obed . . .?" en skielik steek sy vas. Die blos op haar wange word dieper. Sy word bewus van die ander twee se ondeunde blikke. Sy lag senuweeagtig, maar dan vervolg sy redelik bedaard: „Obed het seker alles wat enige jong man—en meisie—kan begeer. Hy is 'n enigste kind en tog sal jy dit nooit aan hom agterkom nie. Hy het ryk geërf. Hy besit 'n plaas in die Bosveld wat hom, behalwe sy ander beleggings, van 'n gerieflike inkomste voorsien. Hy was op Universiteit en het skitterend gepresteer. Daarna het hy verder gestudeer in vakke soos sielkunde, sosiologie en kriminologie. Hy praat sewe tale vlot. Hy is heelwaarskynlik Transvaal se beste rugbyvleuel—jy weet seker dat hy en Maans en Albert saam rugby speel. Wat sou jy nou gedoen het as jy sý voorregte gehad het?"

„Ek!" roep Rita van Heerden opgewek uit. „Ek sou . . . ek sou 'n luuksejag aangeskaf het en om en om die wêreld gevaar het. Ek sou . . ."

Tessa lag ook. Sy skud haar kop.

„Dit is juis wat so verbasend—en wonderlik omtrent Obed is. Hy bly in 'n pragtige woonhuis in Linden. Drie Gewels noem hy dit. Hy tree as private speurder op en dit is selde dat hy beloning vir sy dienste vra. Tog is hy altyd gereed om 'n saak aan te pak as hy voel dat onreg gepleeg word. Hy werk dikwels nagte deur en stel sy lewe in gevaar om sake op te los wat òf buite bereik van die Polisie is, òf wat reeds deur die gereg verwerp of as opgelos beskou is." Sy sug. „Jy sal nou kan verstaan wat Talita netnou bedoel het. As Obed maar 'n rustige lewe wou lei—miskien iets ander wou doen as hierdie gedurige, lewensgevaarlike . . ." sy hou op met praat en kyk in haar skoot. „Miskien sou hy dan al met my getrou het," voltooi sy haar gedagtegang sag.

„Ek het niks bedoel nie, Tessa," sê Talita met meegevoel, maar vervolg dan opgewek: „Het Obed jou vertel